**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 JULIE 2026 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Kennis geneem van die verskonings ontvang vanaf die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche (verteenwoordig deur me S de Jongh) en die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi (verteenwoordig deur mnr R Steyn).

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

**3.1 BESOEK AAN DIE NASIONALE DEPARTEMENT VAN LANDBOU DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER EN SENIOR BESTUURDER: ONTWIKKELINGS-BESTUUR**

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoering aangaande die besoek aan die Nasionale Departement van Landbou wat ten doel gehad het om lg. te sensitiseer aangaande die voorgestelde landbougrond binne die stedelike randgebiede en die moontlike ontwikkeling van 'n Formule 1-renbaan in die Kalbaskraal-omgewing.

Die Munisipale Bestuurder noem dat 'n beste praktyk geskep sal word as die uitkoms van die gesprekke daartoe kan lei dat alle landbougrond binne die stedelike randgebiede, waartoe ooreengekom is, vrygestel kan word van Artikel 70 van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970.

Die argument/...

Die argument is uitgemaak dat beide die Departement en Munisipaliteit landbougrond kan beskerm deur geleenthede vir ekonomiese groei en kapitale investering te bevorder, waarvan die ontwikkeling van die Formule 1-renbaan op lae-orde landbougrond as 'n uitstekende geleentheid beskou word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat, om voormelde te laat realiseer, die volgende moet geskied:

(1) Met die opstel van die nuwe GOP en ROR, moet daar pro-aktief met 'n verteenwoordiger van die Nasionale Departement van Landbou gekommunikeer word om lg. die geleentheid te gee om kommentaar te lewer op die insluiting van landbougrond in die stedelike randgebied en dat die betrokke departement se goedkeuring opgeneem word in die ROR;

(2) Dat die kaarte gekonsolideer word om die toegewing te reflekteer (sg. mini-ROR) vir oorweging deur die Nasionale Departement van Landbou en daarna sal die aansoeke vir die betrokke gedeeltes grond vir insluiting by die stedelike randgebied ingedien word.

**VIR KENNISNAME**

## 4. NOTULES

### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 JUNIE 2026

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Junie 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 JUNIE 2026

#### 5.1.1 ITEM 7.9: AFSKRYWING VAN DEERNIS- EN ONINBARE SKULD: JUNIE 2026: BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/3)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 Junie 2025 in beginsel goedkeuring verleen vir die afskrywing van oninbare skulde, onderhewig daaraan dat na die afhandeling van alle aksies, die werklike bedrae voorgelê sal word.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat SALGA, in sy hoedanigheid as werkgewersorganisasie, versoek word om tydens die Wes-Kaapse Provinsiale Ledevergadering in Augustus 2026 die aangeleentheid van uitstaande munisipale skuld in gebiede waar Eskom elektrisiteit voorsien en waar munisipaliteite nie kredietbeheermaatreëls kan toepas nie, vir bespreking op die agenda te plaas.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R4 676 498.51 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R3 254 165.36 beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat
  (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid ); of
  (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of

5.1.1/...

(iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

(c) Dat kennis geneem word dat indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. ‘n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

**BESLUIT VERDER**

(d) Dat SALGA versoek word om ‘n besprekingspunt op die sakelys van die Wes-Kaapse Provinsiale Ledevergadering te plaas om plaaslike owerhede in te lig aangaande die status van die regs- en strategiese inisiatiewe insake die voorsiening van elektrisiteit deur Eskom binne munisipale gebiede.

## 6. MAANDVERSLAG: APRIL 2026

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 30 Julie 2026 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

### 6.1 FINANSIëLE DIENSTE (7/1/2/2-7)

Die Direkteur: Finansiële Dienste verwys na die syfers met betrekking tot verminderde inkomste uit rente op beleggings weens gebeurtenisse in die Midde-Ooste, die prys van ru-olie, verhoging in inflasie, ens. en dat voormelde die Reserwebank sal noodsaak om die repokoers te oorweeg.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die kapitaalspandering op 94.62% (opgerond na 95%) teen 8 Julie 2026 staan.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste ten opsigte van Mei 2026.

### 6.2 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste vir die maand van Mei 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste fokus op die stand van damvlakke wat, uitgesonderd Theewaterskloof, laer is as in vergelyking met verlede jaar. Daar is nie vooruitsigte vir genoegsame reën gedurende die seisoen nie, en word die moontlike instelling van waterbeperkings bespreek tydens vergaderings van die Wes-Kaapse Watervoorsieningstelsel.

Rdh T van Essen bespreek die onderskeie risiko’s by die Highlands Stortingsterrein, naamlik –

(1) Vodderapers wat klimlere praktiseer om oor die heining te kom;
(2) Doeltreffende bestuur van die stortingsterrein met die afsterwe van mnr Hein Baumgarten;
(3) Diefstal van pomp en kabels wat daartoe lei dat die nuwe sel nog nie in gebruik geneem kan word nie en versekeringseis wat maande kan neem om af te handel;
(4) Verdere storting op ou sel kan lei tot oorskryding van permitvoorwaardes;
(5) Stygende kostes om water na rioolwerke uit te pomp en vullis oor te dra na die nuwe sel.

6.2/...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat alles en plek is om die pomp aan te koop, maar dat die herstel van kabels en die herstel van die moniteringstoerusting onder die belyning langer sal duur.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2026;

(b) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder onderneem om alle betrokke rolspeler bymekaar te kry om die risiko's soos uitgelig deur rdh T van Essen ten opsigte van die bedryf van die Highlands Stortingsterrein te bespreek.

**6.3 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)**

Die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste vir die maand van Mei 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bevestig dat die voorlopige syfers teen einde Mei energieverliese van 4.5% aandui.

Die Direkteur: Elektriese Dienste vermeld verder dat energie-aankope vanaf Eskom met 3.6% gestyg het en is 'n aanduiding van ekonomiese groei in die Swartland munisipale gebied, hetsy deur behuisings- of besigheidsontwikkeling.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat, met die sluit van Spar The Bank, 'n nuwe vendor, Lucky 7, aangestel is en teen die einde van die week operasioneel sal wees nadat die nodige IKT-toerusting en opleiding voorsien is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2026.

**6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**

Die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste vir die maand van Mei 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat die SEF-fasiliteit op Kalbaskraal teen einde Julie 2026 voltooi sal wees en die amptelike opening in Augustus 2026 beplan word.

Die oorhandiging van huise in die onderskeie behuisingsprojekte geskied volgens die teikens wat gestel is en is die totale oorhandigings –

- Moorreesburg = 280
- De Hoop = 195
- Darling = 139

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat, alhoewel die verifieringstelsel van Provinsie gebruik word, die oneerlikheid van aansoekers een van die grootste uitdagings is met behuisingtoekennings.

'n Bespreking volg watter meganisme in plek gestel kan word om toe te sien dat die korrekte tipe huis aan 'n begunstigde toegeken word, hetsy deur die aanstelling van 'n komitee of versoek dat prokureur behoefte van begunstigde identifiseer, bv. gestremd, bejaard (kan nie in "walk-up" woon nie), ens.

Rdh T van Essen verwys na die statistieke rakende die indiening (203 in totaal) en goedkeuring (89 in totaal) van bouplanne. Daar is dus 114 bouplanne terugverwys wat moontlik die teiken van goedkeuring kan beïnvloed.

6.4/...

Die Uitvoerende Burgemeester spreek weereens sy kommer uit dat daar moontlik nie genoeg bouplanondersoekers is wat verder daartoe kan bydra dat die teikens nie bereik word nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2026;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder ‘n geïntegreerde-sessie tussen Stadsbeplanning en Boubeheer sal reël om as buitestaanders na die elektroniese stelsel vir die indiening van bouplanne te kyk om verbeteringe te oorweeg.

**6.5 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**
**6.5.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS**
**6.5.2 BRANDWEERDIENSTE**

Die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste vir die maand van Mei 2026 word ter tafel gelê en lys die Senior Bestuurder: Vekeer- en Wetstoepassing die betrokkenheid van die onderskeie afdelings by die volgende aksies:
(1) Styging in grondgrypings, moontlik weens die opkomende plaaslike verkiesing;
(2) Gereelde inspeksies by die Highlands Stortingsterrein en die verwydering van lere en strukture;
(3) Betrokkenheid by die “March and March”-beweging;
(4) Ondersteuning deur LEAP aan SAPD met onlangse moorde.

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste dat meer opleidingsmateriaal vir leerlinglisensies beskikbaar is, en sal dit ook by die biblioteke in die munisipale gebied beskikbaar gemaak word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2026;

(b) Dat kennis geneem word van die “March and March”-bewing se versoek tot ‘n inligtingsvergadering met die gemeenskap op 21 Julie 2026;

(c) Dat kennis geneem word dat Stadsbeplanning in proses is om briewe voor te berei om op onwettige Spaza-winkels te bedien met die versoek om binne 7 dae die winkel te sluit as daar nie gehoor gegee word aan die grondgebruikvereistes nie en gepaardgaande hulp wat deur die wetstoepassingsdienste verlang sal word.

**7. NUWE SAKE**

**7.1 VOORGESTELDE ADDISIONELE HDA GRONDVERKRYGING: RESTANT VAN GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS MICHIEL HEYNS KRAAL 755 MALMESBURY (12/2/1-2/5)**

Die Behuisingsontwikkelingsagentskap (sg. HDA) is die eienaar van die Restant van Gedeelte 2 van die Plaas Michiel Heyns Kraal Nr 755 (groot ±698 0669 ha) geleë binne die Swartland munisipale gebied.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 20 Mei 2026 goedkeuring verleen vir die verkryging en oordrag van gedeeltes van voormelde plaas as ‘n goedgunstige donasie.

Die verslag het ten doel om ‘n addisionele gedeelte tot die grondverkryging by te voeg.

Besluit/...

7.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die opvolg gesprek tussen die Munisipaliteit en die Behuisingsontwikkelingsagentskap rakende die voorgestelde ***addisionele grond (Gedeelte "D")*** verkryging en oordrag van Gedeelte "D" Restant van Gedeelte 2 van die plaas Michiel Heyns Kraal 755 vir geïntegreerde menslike nedersettingsontwikkeling vir die gemeenskappe van Chatsworth en Riverlands;

(b) Dat kennis geneem word dat die Munisipaliteit nie belangstel om die totale Restant van Gedeelte 2 van die plaas Michiel Heyns Kraal 755 te bekom nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die verkryging en oordrag van ondervermelde grond insluitend die addisionele gedeelte ondersteun:
   (i) Gedeelte C (ongeveer ±3.7 hektaar) vir die Chatsworth Behuisingsprojek;
   (ii) Gedeelte A (ongeveer 16.6 hektaar) vir die Riverlands Behuisingsprojek;
   (iii) Addisioneel Gedeelte D (ongeveer +-13.8 hektaar);

(c) Dat kennis geneem word dat ingevolge die Wet op die Behuisingsontwikkelingsagentskap, 2008 (Wet 23 van 2008) een van die sleutel verantwoordelikhede van die Behuisingsontwikkelingsagenskap (sg. HDA) is grondverkryging- en bestuur, m.a.w. die agenskap is gemagtig om staats-, private- en gemeenskapsgrond te bekom, te hou en beskikbaar te stel vir residensiële en gemeenskapsdoeleindes;

(d) Dat, in ag genome die wetgewende verantwoordelikheid van HDA, die grondverkryging as ‘n goedgunstige donasie beskou word;

(e) Dat, aangesien die Munisipaliteit nie die totale Restant van Gedeelte 2 wil bekom nie, die Munisipaliteit onderneem om die vermelde gedeeltes in paragraaf (b) op eie koste te laat onderverdeel en opmeet;

(f) Dat die Munisipale Bestuurder (of aangewese amptenaar) gemagtig word om die ooreenkoms vir die hantering van die grondverkryging en volmag te onderteken ten einde eienaarskap te verkry en gevolglik in ’n posisie te wees om oor die eiendom te beskik op ’n wyse wat besluit sal word;

(g) Dat die HDA in kennis gestel word dat die Munisipaliteit verantwoordelikheid sal aanvaar vir die aanstelling van ’n oordragprokureur vanuit sy goedgekeurde paneel van regsdiensverskaffers, en alle verwante transaksiekostes sal dra;

(h) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die huidige infrastruktuurbeperkings rakende water- en rioolkapasiteit en van die opgraderingsintervensies wat oor die medium finansiële termyn beplan word.

**7.2 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE DIENSTE (4/1/1/2/1)**

Die hersiening van die organisatoriese struktuur is op 30 April 2026 aan die Raad voorgelê ingevolge Artikel 66 van die Gewysigde Munisipale Stelselswet, 2011 en was daar geen wysigings voorgestel nie.

Met die konstruksie van die nuwe *Social Economic Facility* (SEF) in Kalbaskraal is daar nie voorsiening gemaak vir ‘n Saalopsigter nie, alhoewel lg. op die wenslys van nuwe poste was. Die Bestuurspan het op 29 Mei 2026 goedkeuring verleen vir die skep van die pos van Saalopsigter: Kalbaskraal met ingang van 1 Augustus 2026.

Die voorgestelde wysiging van die organisatoriese struktuur is op 18 Junie 2026 aan die Arbeidsforum voorgehou.

Besluit/...

7.2/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die wysiging aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 18 Junie 2026;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysiging aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Korporatiewe Dienste aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 Augustus 2026.

### 7.3 VERSOEK OM GOEDKEURING: AANSTELLING VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER AS LID VAN DIE LANGEBERG MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL (2/6)

Langeberg Munisipaliteit het gedurende Julie 2025 omliggende munisipaliteite versoek om persone met toepaslike kennis en kundigheid te nomineer om as eksterne lede op die Langeberg Munisipale Beplanningstribunaal te dien. Die Munisipale Bestuurder is persoonlik deur sy eweknie genader met die versoek om aansoek te doen.

‘n Skrywe gedateer 2 Julie 2026 is ontvang waarin die Munisipale Bestuurder meegedeel word dat hy aangestel is op die Langeberg Munisipale Beplanningstribunaal vir ‘n termyn van vyf jaar, onderhewig aan goedkeuring van sy werkgewer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aanstelling van die Munisipale Bestuurder as lid van die Langeberg Munisipale Beplanningstribunaal; en

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die Munisipale Bestuurder, benewens sy pligte by Swartland Munisipaliteit, as eksterne lid van die Langeberg Munisipale Beplanningstribunaal mag dien.

### 7.4 KWARTAAL 4: VERSLAG INSAKE EKONOMIESE ONTWIKKELING (2/1/4/5)

Die verslag het ten doel om te rapporteer op die implementering van die Munisipaliteit se Ekonomiese Ontwikkelingsplan. Inisiatiewe sluit in die ondersteuning aan klein besighede en om ‘n fasiliteringsrol te speel in die implementering van investerings en strategiese infrastruktuurprojekte.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Ekonomiese Ontwikkelingsverslag vir Kwartaal 4 (periode 1 April 2026 tot 30 Junie 2026).

### 7.5 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/1)

Die verslag insake die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die interne memorandum wat onlangs uitgestuur is dat sub-standaard dienste vanaf kontrakteurs nie geduld sal word nie en dat ‘contract champions’ kontrakteurs verantwoordelik moet hou om aan kontrakvoorwaardes te voldoen en dienste van hoë gehalte te lewer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 April 2026 tot 30 Junie 2026.

**7.6 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIëLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2026 (8/1/B/2)**

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks ‘n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B) , en die Afwykingsverslag (Bylae C & C.1);

(b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2026 tot 30 Junie 2026 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid (Bylae D). Kennis moet geneem word dat daar nog betalings vir die 2025/2026 finansiële jaar gefinaliseer moet word. Om aan wetgewing in terme van kwartaal 4 te voldoen, sal enige verskille in die volgende VKB-kwartaalverslag uitgelig word, onderhewig aan syfers/transaksies wat 'n impak op die volledigheid van die finansiële state sal hê;

**BESLUIT VERDER**

(c) Dat, met verwysing na die diefstal en vandalisme by die Moorreesburg WWTW, die Direkteur: Beskermingsdienste versoek word om die prosedures deur te gee wat die reaksie deur die diensverskaffer is wanneer ‘n voorval waargeneem word gedurende die 24/7 monitering van kameras in die munisipale gebied.

**7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2026 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2026.

**7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2026 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.9 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VRAGMOTOR (TIPPER TRUCK), CK 41874 (8/1/B/2)**

Die vragmotor (tipper tuck), CK 41874, word in Malmesbury aangewend in die Afdeling; Straatreiniging en is daar probleme met ratkas ervaar.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

7.9/...

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die Vragmotor, CK 41874 deur UD Trucks Malmesbury ten bedrae van R79 188.56 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die ondersteuningsagent is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R79 188.56 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-66-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.10 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN DIE VRAGMOTOR, CK 12625 (8/1/B/2)**

Die UD Vragmotor 370FC, CK 12625 word in die munisipale gebied gebruik vir die uitsuig van rioolsuigtenke en met die jaarlikse padwaardigheidstoets is daar verskeie gebreke geïdentifiseer wat dringende herstelwerk benodig het.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk aan UD Vragmotor 370FC, CK 12625, deur UD Trucks Malmesbury ten bedrae van R61 857.81 (BTW uitgesluit);

(d) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die ondersteuningsagent is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R61 857.81 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-41-5verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**